# Durbanville Meander 2023

| **ROETE:** | Sirkelroete Durbanville, Majik forest, Door de kraal dam | **DATUM:** | 09-Sep-23 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Lekker koel oggend in Durbanville en 12 stappers begin die staproete by Door de Kraal dam. Welkom aan Ryan, EJ en Joyce wat vir die eerste keer saam met Samlam stap. Ons volg die voetpad om die dam en stap verby die Protea hotel waar 'n lekker styl bult vir ons wag. Gelukkig hou die pragtige uitsig oor die omliggende plase ons gedagtes besig. Die roete lei ons met 'n jeeptrack teen nog 'n lekker lang, styl bult uit tot ons die hoogste punt op die roete binne-in Majik forest bereik. Hier neem ons 'n welverdiende tee-breek en geniet die rustigheid van die natuurtuin. Die veld is oortrek met varklelies, gousblommetjies en ander lente blommetjies. Ons vind ook 'n skaars groen moederkappie! Sommige van die plante het 'n eienaardige, abnormale breë stam. Google help met alles en verduidelik dat die verskynsel bekend staan as "fasciation". 'n Ongewenste toestand in plante waar die stam breed en plat groei (dit lyk asof 'n klomp stammetjies vas aanmekaar gegroei het, maar is eintlik net een stam). Ons stap terug met 'n heerlike afdraende paadjie en geniet Majik forest se voetpaadjie deur die woud. Van hier volg ons die teerpad tot terug by die motors. Ons groet en vertrek terug huistoe. Baie dankie vir almal se bydrae om die stap lekker gemaklik te maak en ook lekker saam te gesels!

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Susan Pienaar | 2023086 | R 5 | 10 | |
| Danie Pienaar | 2023085 | R 5 | 10 | |
| Arie v Eck | 2023148 | R 5 | 10 | |
| Arina v Eck | 2023147 | R 5 | 10 | |
| Lodi van Deventer | 2023145 | R 5 | 10 | |
| Joyce Strydom | Besoeker | R 10 | 10 | |
| Ryan Vermaak | Besoeker | R 10 | 10 | |
| Kobus Terblanche | 2023041 | R 5 | 10 | |
| Edna Terblanche | 2023040 | R 5 | 10 | |
| EJ Vermaak | Besoeker | R 10 | 10 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 65** | **100** | |

| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | Eie noodhulp sakkies saamgeneem |
|---|---|
| **ITEMS GEBRUIK:** | Geen items benodig nie |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| | |
| | |

| **VERSLAG DEUR:** | Edna Terblanche |
|---|---|